
Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE VRYWILLIGERSMAGTE VAN GRIEKWALAND-WES

**deur dr Maritz Broodryk***

**'READY AYE READY', the motto of the Diamond Fields Horse (DFH) reflects the spirit at the time prevailing among volunteers for active service in this British Crown Colony. As stated elsewhere in this account of a colourful chapter in South Africa's history, "nowhere else in South Africa were recruits so willing to serve their country as in the Diamond Fields."**



***'n Lid van die Diamond Fields Horse (Circa 1877)***
***Foto: The History of the Kimberley Regiment: H.H. Curson.***

## Die Britse kroonkolonie Griewkaland-Wes 1871–1880

Die ontdekking van diamante tydens die laat sestigerjare van die negentiende eeu op albei oewers van die Vaalrivier en wes van die rivier op die plase Du Toitspan, Bultfontein en Vooruitzicht, het gelei tot 'n heftige stryd om die besitreg van die diamantvelde. Die belangrikste aanspraakmakers op hierdie gebiede was die twee Boererepublieke, Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal), die Griekwas onder Nicolaas Waterboer en sekere Rolong- en Tlapingstamme.[1] Op aanbeveling van sy agent, David Arnot, het Waterboer die hulp van die Kaapse regering ingeroep en om homself van die ware feite te vergewis, het goewerneur Henry Barkly gedurende Februarie 1871 'n blitsbesoek aan die diamantvelde gebring.

Tydens onderhandeling met verteenwoordigers van die aanspraakmakers is daar ooreengekom om die besitregkwessie aan arbitrasie deur 'n kommissie met luitenant-goewerneur Robert Keate van Natal as finale arbiter voor te lê, President J.H. Brand van die OVS het egter botweg geweier om hierdie arbitrasie te aanvaar.[2] In afwagting van die uitslag van die arbitrasie het Barkly die voorwaardelike toestemming van die Britse regering vir die anneksasie van die diamantvelde gekry en voorbereiding vir dié stap getref.[3]

Op 17 Oktober 1871 het Keate sy uitspraak gelewer; sy opdrag inder waarheid oorskry en alle grondgebied onder dispuut – selfs dié wes van die Vaalrivier wat vanweë Brand se afsydigheid van arbitrasie uitgesluit was – aan Waterboer toegeken.[4] Dit het alle twyfel wat daar nog in Barkly bestaan het uit die weg geruim en op 27

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Oktober 1871 het hy deur 'n reeks proklamasies Waterboer se gebied as deel van die Britse Ryk geannekseer.[5]

Sonder groot ovasie is 17 800 vk myl of 4 610 200 ha grondgebied tot die Britse ryk toegevoeg. In Januarie 1873 het Richard Southey, die grootste kampvegter vir die anneksasie van die diamantvelde, die eerste luitenant-goewerneur van Griekwaland-Wes as aparte kroonkolonie geword.[6] Hy is in November 1876 opgevolg deur William Owen Lanyon, 'n Britse beroepsoldaat wat as administrateur van dié gebied tot in Maart 1879 opgetree het.[7] Lanyon is op sy beurt weer opgevolg deur Charles Warren (tot Oktober 1879) en James Rose Innes (tot Oktober 1880) as waarnemende administrateurs.[8] Die Britse owerheid was van die begin af glad nie geneë met Griekwaland-Wes as 'n aparte aanhangsel van die kroon nie en het druk op die Kaapkolonie uitgeoefen om dié gebied by hom in te lyf. Ten spyte daarvan dat die meerderheid van die inwoners van Griekwaland-Wes daarteen gekant was, is dit op 15 Oktober 1880 by die Kaapkolonie ingelyf.[9]

Gedurende sy kortstondige bestaan van minder as 'n dekade lank het die kroonkolonie Griekwaland-Wes met talle finansiële, ekonomiese, sosiale en ander probleme te doen gehad. Een van die ernstige probleme was die bedreiging wat die inheemse bevolkingsgroepe van die gebied vir die blanke bevolkingsdeel ingehou het.

## Die stigting van vrywilligersmagte in Griekwaland-Wes

Alhoewel groot gebiede van Suider-Afrika periodiek blootgestel was aan inboorlingonrus, was die dekade 1870 tot 1880 in besonder gekenmerk deur onrus onder die inboorlingvolke en dit het gelei tot 'n hele reeks botsings tussen blank en nie-blank. Vanaf vroeg in die sewentigerjare het die inboorlinge dwarsdeur Suider-Afrika al hoe meer opstandig, arrogant en uitdagend opgetree. Onrusbarend baie veediefstalle – altyd 'n duidelike openbaring van die gesindheid onder die inboorlinge – het voorgekom. Kenners van die inboorlinge het hierin die begin van baie probleme voorsien.[10]

Hierdie onrus het in 1873 tot uitbarsting gekom met die Langalibalele-opstand in Natal, is onder meer opgevolg deur die Sekhukhuni-oorlog in Oos-Transvaal in 1876; die Negende Oosgrensoorlog van 1877; die Anglo-Zoeloe-oorlog van 1879 en is afgesluit met opstande in Basoetoland, Griekwaland-Oos en Thembuland, wat eers in Mei 1881 onderdruk is. Hierdie onrus het tydgenootlike getuies daarvan oortuig dat daar 'n gekoördineerde opstand teen die blanke gesag in Suidelike Afrika was. Hoewel ongegrond, het hierdie teorie groot steun oor 'n wye spektrum geniet by Britse amptenare in Suider-Afrika, parlementariërs, koerantredakteurs, sogenaamde kenners van die inboorlinge en die algemene publiek.[11]

Uiteraard het Griekwaland-Wes hierdie onrus nie vrygespring nie. Duisende nie-blanke werkers op die kleims vanuit alle dele van Suider-Afrika, sowel as die onbeheerde verkoop van vuurwapens aan nie-blankes, om só die kolonie se wankelrige ekonomie aan te help, het 'n definitiewe gevaar geskep: nie net vir die regering van Griekwaland-Wes nie, maar ook vir die ander state in Suider-Afrika.[12] Bewus van hierdie gevaar het Southey reeds in 1875 'n poging aangewend om 'n vrywilligersmag vir Griekwaland-Wes tot stand te bring.[13] Gebrek aan belangstelling, waarskynlik 'n gevolg van die ongewildheid van die Southey-administrasie by die delwersbevolking, het egter gelei tot die mislukking van dié poging.



***William Owen Lanyon* *(1842–1887)***


***(Foto: Kaap Argiefbewaarplek)***

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Kort nadat Lanyon die bewind by Southey oorgeneem het, het hy die noodsaaklikheid van 'n vrywilligersmag vir die fisieke en morele ondersteuning van die regering besef. So 'n mag sou 'n heilsame invloed op die inboorlinge binne en op die grense van die gebied hê. In Julie 1876 het Lanyon versoeke van inwoners van Kimberley ontvang om die leiding te neem met die stigting van korpse artillerie, kavallerie en infanterie.[14] Gevolglik het hy besluit om 'n vrywilligersmag in die lewe te roep en op vaste grondslag geplaas met ordonnansie nommer 9 van 6 November 1876 "... for better regulating the Volunteer Force of the Province of Griqualand West".[15]

Vier korpse is in 1876 gestig. Die eerste was die *Griqualand West Rifle Volunteers* (algemeen bekend as die *Griqualand West Volunteers*) gestig op 3 Augustus 1876. Hierdie infanteriekorps het bestaan uit drie afdelings met majoor Lanyon as bevelvoerder. Die *Kimberley Light Horse*, 'n kavalleriekorps, het bestaan uit twee afdelings met kapteins J.B. Robinson en T. Maxwell as bevelvoerders en is gestig op 19 Augustus 1876. Die afdeling onder Maxwell se bevel was 'n artilleriekorps, hoewel hul aanvanklik oor geen grofgeskut beskik het nie. Die *Dutoitspan Hussars*, ook 'n kavalleriekorps, onder bevel van kaptein L.J. Rolleston, is op 23 September 1876 gestig, gevolg deur die *Griqualand West Volunteer Artillery* onder bevel van kaptein R.E. Wallace in Oktober 1876.[16] Alhoewel David Harris beskryf het dat die *Dutoitspan Hussars* uit ongeveer 120 man bestaan het,[17] is dit waarskynlik oordrewe aangesien Lanyon gerapporteer het dat ongeveer 200 vrywilligers in totaal aanvanklik by die verskillende korpse aangesluit het.[18]

Aangemoedig deur Lanyon self en onder leiding van bekwame offisiere het die stigting van hierdie korpse van meet af aan 'n groot sukses geblyk te wees. Entoesiasme het by die dag toegeneem want "... the recruits were soon absorbed in the refinements of military education which, we are told, they found a source of amusement as well as of recreation, and it was also a means of breaking the monotony of the digger's everyday life.[19] Sowel sir Arthur Cunnynghame en sir Charles Warren het vroeg reeds die optrede en voorkoms van die vrywilligers lof toegeswaai.[20]
In Desember 1877 het die twee berede korpse, die *Dutoitspan Hussars* en die *Kimberley Light Horse* geamalgameer en afdelings van 'n nuwe berede korps met die meer gepaste en omvattende naam van die *Diamond Fields Horse* geword. Charles Warren was die bevelvoerder. Tog was die oorspronklike name vroeg in 1878 nog in gebruik[21]; moontlik het die nuwe naam nog nie inslag gevind nie. In daardie stadium het die vrywilligersmagte in totaal reeds uit sowat 400 man bestaan.[22] Dit was ook op hierdie tydstip dat die twee artilleriekorpse van Maxwell en Wallace waarskynlik gealmagameer het onder die naam van die *Griqualand West Volunteer Artillery* onder Maxwell se bevel. Die artillerie kon in elk geval eers vanaf Mei 1878 hul funksie verrig, aangesien Maxwell toe eers met drie kanonne (Armstrong ses- en seweponders) vanaf Kingwilliamstown in Griekwaland-Wes gearriveer het.[23]



***Charles Warren***
***(1840–1927)***

***(Foto: Kaap Argiefbewaarplek)***

In Februarie 1878 is die *Griqualand West Volunteers* omskep in die *Griqualand West Light Infantry* (GWLI) onder bevel van kaptein R.H.K. D'Arcy.[24]

### Die Griekwaland-Wes se Vrywilligers in aktiewe diens

"Nowhere else in South Africa were recruits so willing to serve their country as from the Diamond Fields."[25] Hoe korrek hierdie evaluering

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

was, sou gedurende die laat sewentigerjare duidelik blyk.

Vroeg in 1878 is die vrywilligers van Griekwaland-Wes vir die eerste keer vir aktiewe diens opgeroep. Met die uitbreek van die Negende Oosgrensoorlog (die Gaika-Galecka-oorlog) het hoë kommissaris Bartle Frere vir Lanyon om hulp gevra. Getrou aan hul leuse, 'Ready Aye Ready', het die troepe van die *Diamond Fields Horse* (DFH), tien offisiere en 108 manskappe onder Warren se bevel, op 10 Januarie 1878 Kimberley verlaat op pad na Kingwilliamstown[26] en vanaf Februarie 1878 'n aktiewe rol in dié oorlog gespeel. Hulle het veral roem verwerf in gevegte by Perie Bush (Maart 1878); Debe Nek (5 April 1878, waar 75 man van die DFH 'n oorwinning oor 1200 Xhosas behaal het) en Tabi Ndodo (29 April 1878).[27] Hul vreesloosheid het aan hulle die bynaam van 'Diamond Fields Devils' besorg.[28]

Intussen het Griekwaland-Wes sy eie probleme ondervind. Aangespoor deur die algemene gees van opstandigheid in die sub-kontinent, het die inboorlinge van dié gebied se ontevredenheid oor die verlies van hul grond (en die reperkussies daarvan) sowel as die onsekerheid in die sogenaamde Keate Award-gebied tot 'n rebellie teen die regering gelei.[29] Opstandigheid aan die noordoosgrens het gelei tot 'n strafekspidisie teen die Thlapinghoofman, Bothlasitse Gasebone van Pokwane. Onder Lanyon se persoonlike bevel het 54 man van die DFH en 36 vrywilligers wat spesiaal vir dié ekspedisie gewerf is (the *Diggers Corps* genoem) die grootste gedeelte van die taakmag uitgemaak.[30] Dit was 'n bloedlose ekspedisie, maar die doelwit om Gasebone af te skrik is wel bereik.

Gedurende die res van 1878 sou Griekwaland-Wes voorwaar sy vrywilligersmagte nodig hê en hoë eise sou aan hulle gestel word. Op 9 April 1878 het Theophilus Shepstone, administrateur van Transvaal, Lanyon om hulp teen Sekhukkuni se Pedi's gevra.[31] Op 20 April het Lanyon ingewillig[32] en, ten spyte van 'n interne opstand later dié maand het kaptein R. Stewart met 102 man van die DFH op 4 Mei na Pretoria vertrek.[33]

Die uitbreek van die rebellie onder die inboorlinge binne en rondom Griekwaland-Wes het die vrywilligersmagte van dié gebied erg beproef. Om die gevaar die hoof te bied is die DFH van die Kaapse Oosgrens herroep.[34] en op 8 Junie 1878 het hierdie mag Griekwastad bereik.[35] Meer vrywilligers moes gewerf word en die bevolking het weer eens goed gereageer. Nuwe korpse soos die *Barkly Rangers* is in die lewe geroep, terwyl die *One Star Contingent* (ook genoem die *Diamond Contingent* of *Diggers Corps*) weer geaktiveer is. Verskeie ekspedisies teen die rebelle, selfs tot buite die grense van die gebied, is onderneem. In 'n twintigtal gevegte, waarvan die belangrikste dié by Koegas, Griekwastad, Withuiskloof; Gamoperi, Latakoo, Gamgagiana en Gobatsie was, het die vrywilligers hulle goed van hul taak gekwyt.[36] Hoë eise is aan hulle gestel. Die stryd is gevoer in 'n ruwe terrein met 'n deursnee van meer as 1 200 km. Dikwels het hulle opgetree meer as 300 km van Kimberley, die hoofkwartier, af. Honderd kilometer is te perd, te voet of per wa afgelê. Gekortwiek deur hul onervarendheid in oorlogvoering, was ooreisde perde, gebrekkige beskutting snags, bloedige warm weer bedags, ongereelde toevoer van voorrade en baie meer hul lot. Dit alles het hulle gelate aanvaar.[37]

Op 3 Desember 1878, met die rebellie bykans onderdruk, het Shepstone weer hulp teen die Pedi's gesoek. En weer eens het Griekwaland-Wes sy bydrae gelewer, want op 23 Desember het kaptein W. Raaff met 208 man van die DFH na Transvaal vertrek.[38]

Gedurende die eerste helfte van 1879 het die vrywilligers saam met die *Border Police* (wat eintlik uit die *Griqualand West Light Infantry* ontwikkel het) 'n belangrike rol gespeel om die grense van Griekwaland-Wes teen voortvlugtendes van die Tweede Noordgrensoorlog te beskerm en die laaste oorblewende rebelleleiers aan te keer. Op versoek van die Kaapse regering het Griekwaland-Wes ook hulp verleen aan die koloniale magte in die finale fase van die Tweede Noordgrensoorlog op die eilande in die Oranjerivier wes van Olyvenhoutsdrift (Upington). Majoor L. Rolleston het in April 1879 met 80 man daarheen vertrek en 'n aktiewe rol gespeel in die beëindiging van dié oorlog.[39]

Die bevolking van Griekwaland-Wes arm en ryk, het met groot geesdrif die stryd teen die rebelle aangeknoop. Ten spyte van die klein bevolking was tydens die hoogtepunt van die rebellie, gedurende die tweede helfte van 1878, ongeveer 850 manskappe en 82 offisiere in die veld.[40] Al hierdie magte, was "irregular corps" of "war time units"; dus deeltydse soldate. Sonder enige noemenswaardige hulp van buite – uitgesonderd die tydelike hulp van twee beroepsoffisiere en die kortstondige hulp van groepies vrywilligers uit die Kaap en Transvaal – het hulle, bygestaan deur die polisie, kontingente Zoeloes en opge-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

kommandeerde burgers, die rebellie onderdruk.[41] Lanyon kon dus met reg beweer "... that what has been done by the volunteers of Griqualand West has no parallel in the history of Her Majesty's Colonial possessions."[42]

Verantwoordelike amptenare het by verskeie geleenthede hul waardering vir dit wat die vrywilligers gedoen en opgeoffer het betuig.[43] Aan die einde van die rebellie is baie van die vrywilligers gedemobiliseer en die *One Star Contingent* ontbind. Vir hulle bydrae is die 'South Africa Medal' van 1880 met '1878' op die balkie aan hulle toegeken.[44] Sover vasgestel kon word, het 12 vrywilligers tydens die rebellie gesterf, terwyl 27 gewond is.

Na die insluiting van Griekwaland-Wes by die Kaapkolonie in 1880 het die vrywilligersmagte bly voortbestaan as deel van die vrywilligersmagte van dié provinsie. As sodanig het hulle deelgeneem aan die Basoetolandrebellie (1880–1881); die Transkeirebellie (1880–1881); die Warrenekspedisie (1885); in Rhodesië (1896); die Pokwanerebellie (1896–1897) en die Anglo-Boereoorlog (1899–1902). Uit die oorspronklike korpse het later ontwikkel die *Kimberley Light Horse* en *Kimberley Mounted Corps*; die *Victoria Rifles* en *Kimberley Scots* wat in 1896 geamalgameer het as die *Kimberley Rifles*. Deur 'n proses van reorganisasie is dié korpse in 1899 verenig in die *Kimberley Regiment*. Volgens die Verdedigingswet van 1912 het hierdie regiment in 1913 'n Burgermageenheid geword, wat tydens albei Wêreldoorloë aktiewe diens gedoen het.[45]

* Dr M. Broodryk D. Phil is verbonde aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

**Bibliografie**

1. Volledige besonderhede oor die verskillende aanspraakmakers en die argumente waarop die onderskeie aansprake berus het, kan gevind word in A.F. Lindley, *Adamantia The Truth about the South African Diamond Fields* (London, 1873) en D. Arnot en J.M. Orpen, *The Land Question in Griqualand West: An inquiry into the various claims to land in that territory; together with a brief history of the Griqua nation* (Cape Town, 1875).
2. J.J. Oberholster, *Die Anneksasie van Griekwaland-Wes* (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Kaapstad, 1945), pp. 118–123.
3. M. Macmillan, *Sir Henry Barkly Mediator and Moderator* (Cape Town, 1970), pp. 204–205.
4. *Cape Government Gazette Extraordinary*, 28.10.1871: Award by R.W. Keate, 17.10.1871.
5. *The Statute Law of Griqualand West* I (Cape Town, 1875), pp. 1–4.
6. *Ibid*, p. 77.
7. W.J. de Kock, red., *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I (Kaapstad, 1968), pp. 487–488.
8. *Ibid.*, p. 903; D.W. Krüger en C.J. Beyers, reds., *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III (Kaapstad, 1977), p. 445.
9. Oberholster, pp. 309–319.
10. E.H. Brookes en C. de B. Webb, *A History of Natal* (Pietermaritzburg, 1965), pp. 113–114 en G.M. Theal, *History of South Africa* 10 (Cape Town, 1964), pp. 26–33 gee 'n beeld van die toestande in Natal en die Kaapkolonie onderskeidelik.
11. Vir meer besonderhede hieroor kyk M. Broodryk, Die Kaapse Noordgrensoorloë 1868–1879 (ongepubliseerde D.Phil.-tesis, US, 1987) pp. 214–224.
12. *Ibid.*, pp. 225–226.
13. (Kaapse Argiefbewaarplek, hierna KAB) Griekwaland-Wesversameling, hierna G.L.W. 189: enclosure, Government Notice, 22.3.1875).
14. (KAB) Government House-versameling, hierna G.H. 29/3: no. E.31/1877. Lanyon-Frere, 12.3.1877.
15. *Griqualand West Government Gazette*, 9.12.1876; *The Statute Law*. pp. 193–202.
16. (Suid-Afrikaanse Weermagargief, Pretoria, hierna SAWA) NAREP: UNFO 7, J.W. North, History of the Kimberley Regiment, p. 9535: H.H. Curson, 'The Kimberley Regiment', pp. 9542–9543; H.H. Curson. *The History of the Kimberley Regiment* (Kimberley, 1963), pp. 8 en 119.
17. D. Harris, *Pioneer, soldier and poltician* (London, no date), p. 93.
18. (KAB) G.H. 29/4: no. E.48/1878, Lanyon-Frere, 30.8.1878.
19. Curson, p. 4.
20. (Transvaalse Argiefbewaarplek, hierna TAB) Lanyonversameling, hierna A. 596: vol. 12, Lanyon – sir Charles, 4.9.1877, pp. 202–209; *The Diamond News*, 4.9.1877; The Volunteer Inspection; C. Warren, *On the Veldt in the seventies* (London, 1902), pp. 301–302.
21. (KAB) G.H. 41/1: no. 3/1879, Warren-Frere, 2.8.1879; Curson, pp. 4 en 8; (SAWA) NAREP: UNFO 7, North, p. 9535 en Curson, p. 9542.
22. (Kimberley Biblioteek) Beet Papers: B7, 'The History of the South African Diamond Fields', ongepagineerd.
23. Curson, pp. 4–5, 48 en 119; M. Broodryk, 'Die Rebellie in Griekwaland-Wes, 1876–1879' (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 1977), hoofstuk 4.
24. *The Advertiser and Kimberley Commercial Guide*, 27.2.1878: Redaksioneel: Volunteering.
25. Curson, p. 9; Theal 10, p. 284.
26. (KAB) G.L.W. 10: no. 13, annexure, Lanyon-Frere, 12.1.1878.
27. Defender (pseud.), *Sir Charles Warren and Spion Kop* (London, 1902), p. 16.
28. A.J. Beet, *Kimberley: Its History and Diamonds* (Kimberley, 1914), p. 66.
29. Vir 'n volledige uiteensetting van die oorsake van dié rebellie, kyk M. Broodryk, 'Die Rebellie...', hoofstuk 1.
30. (KAB) G.L.W. 10: no. 22, annexure, Lanyon-Frere, 31.1.1878; Curson, pp. 4 en 118.
31. (KAB) G.L.W. 17: no. 7, Shepstone-Lanyon, 9.4.1878.
32. (KAB) G.L.W. 17: no. 9, Lanyon-Shepstone, 10.4.1878.
33. (KAB) G.H. 29/4: no. E. 33/1878, Lanyon-Frere, 6.6.1878; Curson, p. 124.
34. (British Parliamentary Papers) C.2144–1878: Recorder, Kimberley-Governor, 16.5.1878, pp. 115–116.
35. (KAB) G.H. 29/4: no. E.24/1878, Lanyon-Frere, 16.6.1878.
36. Vir volledige besonderhede oor die optrede van die vrywilligers, kyk M. Broodryk, 'Die Rebellie...'.
37. (KAB) G.H. 21/2: J.M. Orpen – F.H.S. Orpen, 3.6.1878; G.H. 29/4: no. E.32/1878, J.M. Orpen – H. Orpen, 3.6.1878, no. E.48/1878, Lanyon-Frere. 10.8.1878; G.H. 29/8: no. E.15/1880, Warren-Frere, 22.7.1879.
38. (KAB) G.L.W. 17: no. 23, Shepstone-Lanyon, 3.12.1878 en annexure, Lanyon-Shepstone, 31.12.1878; G.H. 29.5: no. E.8/1879, Lanyon-Frere, 7.1.1879.
39. M. Brodryk, 'Die Rebellie...', hoofstuk VII en pp. 203–205.
40. (KAB) G.L.W. 11: no. 139, annexure, Annual Return of Armed Forces, 1878.
41. (KAB) G.H. 29/9: no. E.76/1880, Acting Administrator – Governor, 14.6.1880; G.H. 41/1: no. D. 97, Memo by H.B. Frere, 7.12.1878; G.L.W. 14: no. 54, Chelmsford – High Commissioner, 7.12.1878; G.H. 25/1: no. 84; Frere-Colonial Secretary, ongedateer.
42. (KAB) G.H. 29.4: no. E.48/1878, Lanyon-Frere, 30.8.1878.
43. (KAB) G.H. 15/1: no. 48, Frere-Hicks-Beach, 19.9.1878; no. 54, Frere-Hicks-Beach; 6.10.1878; G.L.W. 11: no. 136, annexure, Chelmsford-Frere, 25.11.1878; no. 138, Hicks-Beach-Frere, 13.11.1878.
44. Curson, pp. 7 en 90.
45. Curson, pp. 10, 13, 23, 30, 33, 39, 61 en 70; (SAWA) NAREP UNFO 7: North, pp. 9535–9541; Curson, pp. 9542–9547; SAWA Holder 54, Report by H. Harris, 21.7.1915.